decorators 10/24/07 12:17 PM Page 56

## 4 Alida Lambooy

**Styl: Spokiesmooi gastekamer**

Alida Lambooy van Living Divani Interior Decor and Design is gevra om die gastekamer van 'n kliënt te versier. Die kliënt kry gereeld oorsese gaste en wou graag dié kamer opgeruimd, besonders en spesiaal maak.

Die vertrek kyk uit op 'n lowergroen grasperk, roostuin en swembad. Alida het besluit om verskillende skakerings groen vir die interieur te gebruik sodat dit moeiteloos met die omgewing saamsmelt.

Die gordyne, lampskerms, strooikussings, nagval en los mat langs die bed is alles in groenskakerings. Geborduurde sy en 'n oesterkleur sydeken sorg vir spatsels kleur en dra by tot die elegante voorkoms van die vertrek. Verskillende groottes strooikussings en 'n oorgooideken aan die voetenent van die bed rond die algehele prentjie af.

Bypassende dekorbykomstighede komplementeer die slaapkamer. Spesiale sorg is gegee aan die fynere detail en afwerkings. Donker houtmeubels is deurgaans vir kontras gebruik.

*Kontak Alida Lambooy by 082-555-4344, e-pos: alida@livingdivani.co.za of besoek die webtuiste: www.livingdivani.co.za*